Hoofstuk 1

GESAG IS UIT DIE MODE

In hierdie hoofstuk

- **Waarom het ware gesag so skaars geword?**
- **Die media se aanslag op gesagsfigure**
- **Die Humanistiese klem op regte ten koste van verantwoordelikheid**
- **Ons luister na die verkeerde boodskappe oor gesag**
- **Kom ons raak prakties**

Waarom het ware gesag so skaars geword?

Gesag is skaarser as hoendertande, want respek is uit die mode! Ouers en onderwysers se algemeenste kreet is dat hulle geen gesag meer het nie. Die konstitusie, kwaai kinders, die postmoderne kultuur

The defiance of established authority, religious and secular, social and political, as a world-wide phenomenon may well one day be accounted the outstanding event of the last decade.

– Hannah Arendt

en selfs godsdiens het hulle daarvan gestroop. Of so voel dit. Dit laat ouers magteloos. Dalk het hulle oulike reëls, goedgeformuleerde doelwitte en flink dissiplinêre sisteme maar sonder gesag kan hulle dit buitendien nie gebruik nie.

Die postmoderne wêreldbeskouing rebelleer teen alle vorme van gesag en sê: Niemand sal meer gesag oor my hê bloot omdat hy "charming", bo my op die leer, manlik, getiteld of gryser as ek is nie. Nie eens 'n kantoor op die boonste verdieping maak jou iemand in my oë nie.

Ons reageer so omdat ons verraai voel. Ons weet deesdae van al die geraamtes in ons leiers se kaste. Ons lees van hulle korrupsie, magsmisbruik en morele verval. Dis voorbladnuus! Hulle was veronderstel om vir ons 'n inspirerende voorbeeld te stel maar ons voel glad nie geïnspireerd nie! Van hulle is in die tronk, ander kruip iewers weg nadat hulle onsedelike wasgoed in die openbaar gewas is ... In die proses het ons wat ouers is, ons rolmodelle verloor.

Prediker 10:5-7
Ek het verkeerde dinge sien gebeur in die wêreld, deurdat mense wat gesag uitoefen foute gemaak het. Daardeur het onbekwame mense hoë poste gekry terwyl bekwame mense in 'n ondergeskikte posisie moes bly. So het ek slawe te perd sien ry terwyl regeerders te voet moes loop soos slawe.
(*Die Lewende Bybel*)

Ons kinders wil op hulle beurt in ons oë kan kyk vir hulle inspirasie maar ons stel hulle ook teleur. Kinders sien hoe hulle ouers te veel drink, hulle sien hulle ma's soos tieners rondparadeer in wat my ma sjoebroekies noem, en hulle loer van agter die sitkamerbank na die onkykbare DVD's wat hulle